Knipoog

OKTOBER 2013

In hierdie uitgawe …

- Voorbladnuus
- Aan die woord
- Belangegroep Bedrywigheid
- Padreëls
- Oggappel
- Inwoner Fasiliteite
- Kommunikasie Frustrasie
- Jukseidag
- KVV
- Gholfdag
- Plantplesier
- Dieremaniere
- KVV
- Boekwurmbydrae
- "Op die Oog af"

Voorbladnuus
Oppie Oog Fees
21 September 2013

Die Oppi-Oog Fees was weer eens 'n reuse sukses.

Daar was 'n groot verskeidenheid stalletjies en ek glo elkeen kon na hartelus loer of koop. Daar was ook kosstalletjies om al die honger magies vol te maak. Verskeie speletjies, soos spykerslaan, silwerballe gooi, tafeltennis, "chipping gholf", bingo en selfs ons mooie "nar", het groot en klein vermaak. Die speletjies in en rondom die swembad was groot pret.

Ons wil weer eens vir Ricardo bedank vir die mooi musiek tydens die fees.

Hartlike dank aan elkeen wat gehelp het, of jy nou pannekoek, poeding, springmielies of boepensbroodjies verkoop het. Ook bedank ons graag elkeen wat gehelp het met die verskeidenheid speletjies wat aangebied is. Dankie aan al die inwoners wat ons so goed ondersteun het. Ons moet ook die personeel van Die Oog Aftree-landgoed bedank vir hul bydrae.

Laastens wil ek net die Klub Vlytige Voete se dagbestuur en komiteelede bedank vir al jul insette. Dit het baie van die reëlings vergemaklik. Alhoewel dit nog nie gefinaliseer is nie, is 'n bedrag van ongeveer R14 000.00 ingesamel.

Sien jou by volgende jaar se Oppi-Oog Fees!

Fees-groete
Marié Richards
(Voorsitter – KVV)

Aan die woord–
Finansiële posisie

Graag wil ek ‘n kort opsomming van die finansiële posisie en ‘n blik op die toekoms van ons beleggings by Die Oog voorlê.

Die finansiële geskiedenis van die Landgoed vir jare 2009/10 tot 2011/12 dui op die tekorte wat uitgewis is deur die subsidiëring van ‘n totale bedrag van R5.6miljoen deur die Ontwikkelaar. Die subsidiering wat einde 2011/12 verval het, het 45,9% van die totale bedryfsuitgawes vir die drie jaar periode bygedra. Die heffingsinkomste toon terselfdertyd ‘n styging van 95% weens die toename in die getal eienaars.

Gedurende die finansiële jaar 2012/13, toon voorlopige syfers dat die verhalings teen uitgawes van die heffingsinkomste ‘n tekort van R1,7miljoen meegebring het. Hierdie tekort is van die addisionele inkomste van R3,0 miljoen uit die 3% herverkope en die 15% vakansiehuurgeld verhaal, wat ‘n oorskot van R1,3miljoen bewerkstellig het. Die heffingsinkomste het vir die jaar met 14,9% toegeneem terwyl die addisionele inkomste ‘n byvoeging van 26,6% gemaak het, wat die finansiële stand van sake met batige saldo’s gelaat het.

Die subsidiëring deur die Ontwikkelaar, die styging in die heffingsinkomstes en die addisionele inkomstes wat as ‘n voortsetting van die betaling van uitgawes aan essensiële dienste wat gelewer is gedien het, het ‘n platform vir befondsing van die uitgawes van daardie periode geskep.

Die doelwit vorentoe sal wees om finansieel selfversorgend te wees deur self essensiële dienslewering en inkomstegenererende dienste te skep vir kontinuïteit. ‘n Beter meervoudige jaarperspektief kan nou voortaan op die Landgoed se finansiële sake geplaas word. Die doel van hierdie verslag is om ‘n blik op die inkomstes en uitgawes in die afsienbare toekoms te gee.

Die resultate vir die halfjaar soos op 31 Augustus 2013 toon ‘n geprojekteerde oorspandering van R24,112 (0,59%) teenoor die begroting van R8,1miljoen.

Gevolgtrekking:

Die uitgawe begroting is ‘n konserwatiewe beraming van die fondse benodig om die lopende kostes van operasionele dienslewering te dek. Die begroting vir die 2014/15 finansiële jaar sal tydens eerskomende AJV voorgelê word.

Die potensiaal bestaan om die addisionele inkomste op ‘n meer gereelde basis in te samel. Hieronder tel die 3% herverkoopheffings op eiendom asook vakansie en tentkamp inkomste. Meer inkomste is nodig om die Landgoed soos ‘n besigheid te bedryf. Die regspersoon is tans geheel en al afhanklik van die heffings invorderings en oorbetalings van die addisionele inkomstes ten einde ‘n stabiele kontantvloei te verseker.

Die jaarlikse oorweging van heffings is ‘n gegewe. Die aard van die verhogings sal egter afplat soos nuwe eenhede bykom en die las oor ‘n wyer basis versprei word. Die feit is egter: om instandhouding van verskillende kommoditeite te kan doen, word geld benodig. Belangriker nog, ons het almal ‘n belegging gemaak, daarom is dit belangrik om seker te maak dat ons belegging onder gesonde omstandighede sal groei. Mid-City is hard besig om die laaste van die heffingsbalanse van die vorige finansiële bedeling en oorbetalings van die addisionele inkomstes te rekonsilieer.

Die Trustees spook hard om namens alle eienaars en inwoners by Die Oog, alle kostes onder beheer te hou.

Ons streef ook daarna om met alle uitgawes te verseker dat die beginsels van redelikheid, bekostigbaarheid en effektiwiteit nagekom word, in belang van almal by Die Oog.

Finansiële groete

Tustee Willie Botha (Finansies)

Aan die Woord vervolg
Fokus op Gedragsreëls

Met 'n spoedig ontwikkelende landgoed wil ek graag van hierdie geleentheid gebruik maak om sekere punte in ons Gedragsreëls uit te lig rakende tuine en terrein. (Onderstaande is genommer soos hulle voorkom in die Gedragsreëls).

1. **INLEIDING**

1.1 Om in die landgoed te woon, beteken om deel te wees van 'n gemeenskap met gedeelde maatskaplike en finansiële belange. Elkeen is dus geregtig om die omgewing en fasiliteite te geniet en kan verwag dat hul privaatheid, eiendom, leefstyl en belegging beskerm sal word.
1.2 Die reëls is bindend op al die eienaars/inwoners van Die Oog Aftree Landgoed.

1.3 **TROETELDIERE**
13.1 Troeteldiere, en spesifiek honde, word toegelaat binne die omheining by die eienaar se perseel en wanneer buite hierdie omheinde gebied beweeg word, moet die honde onder beheer wees, naamlik aan 'n leiband, sodat hulle nie 'n gevaar of steurnis vir inwoners is nie.
13.3 (f) Honde moet identiteitsplaatjies aan 'n halsband dra met die eienaar se naam en telefoonnommer daarop.
13.5 Diere-ontlasting moet **onmiddellik** deur die **eienaar** verwyder word.
13.11 Die **gebouekompleks en swembadarea** is **verbode** vir honde.

14. **TUINE**
14.7 Water is landswyd 'n skaars kommoditeit en duur om te verskaf. Alle **inwoners** word versoek om water **spaarsaam** te gebruik.

16. **STRUKTURELE VERANDERINGE EN BUITE-AANSIG VAN EENHEID**
16.4 **Geen** permanente versierings of toevoegings **mag** aan die buitekant van 'n eenheid aangebring word nie en geen eenheid mag buitekant geverf of andersins behandel word nie.
16.5 Eienaars en inwoners **mag nêrens op die gemeenskaplike terrein** enigiets plaas of doen wat, volgens die oordeel van die Raad van Trustees, **esteties** onaanvaarbaar of onwenslik is nie. Balkonne, patio's, stoepe en tuine vir die eksklusiewe gebruik van eienaars, word hierby ingesluit. **Nagemaakte** sementbeelde van diere, dwergies ens. pas **nie** in by die natuurlike onopgesmukte (onge-ornamenteerde) omgewing van Die Oog nie. ONTHOU die frase: "JOU TUISTE IN DIE **NATUUR**" . KOM ONS HOU DIE OOG SO **NATUURLIK** MOONTLIK.

31. **TOEPASSING VAN GEDRAGSREëLS**
31.1 In terme van "Die Wet", is die Regspersoon van die Landgoed inter alia verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van alle wette, regulasies en reëls en om te sien dat dit nagekom word. Spesiale aandag moet gegee word aan die reëls soos vervat in Artikel 35, 36(4) en aangepaste Aanhangsels 8 en 9 van "Die Wet" nr. 95 van 1986.
31.2 Enige verontagsaming of oortreding van enigeen van die reëls mag in sekere gevalle lei tot regsaksie of enige-toepaslike stappe wat wetlik deur die Regspersoon van Die Oog teen die oortreders geneem kan word.

Gedragsreël 16, bo aangehaal, gaan gedurende die komende weke deur Bestuur en Trustees aangespreek word en 'n daadwerklike poging sal aangewend om Inwoners wat buite die bogenoemde reëls optree van hul aksie in te lig en hul 'n realistiese tydperk gee om die praktyk reg te stel. Ongelukkig sal daar strenger teen Inwoners opgetree word wat nie vir ons die nodige samewerking wil gee nie. Strukture sal deur Die Oog verwyder word, op die eienaar se koste.

Ons doen 'n dringende beroep op alle inwoners om nie privaat bou- of verfwerk by u eenheid aan enige verwer of bouer te kontrakteer nie. Kontrakteurs mag nie hul eie privaat werk onder die huiseienaars en inwoners werf nie! Alle kontrakteurs moet goedgekeur wees. Werk mag slegs deur die hoof-kontrakteur aan sub-kontrakteure gedelegeer word, omdat die hoof-kontrakteur vir die kwaliteit van die werk verantwoordelik gehou word.

Almal se samewerking word dringend versoek en waardeer.
Trustee Hester Bester (Terrein/Tuine)

Aan die Woord (vervolg)
Wat is jou en my minimum standaard van optrede?

Sowat drieduisend jaar gelede was daar ‘n groot man met die naam Eleaser. Hy was 'n verwoede, maar baie sterk en 'n veelsydige, vernuftige, en uiters dapper vegter gewees. Hy het goed geweet hoe om die werpspies, die steekspies, sy swaard, sy dolk, sy pyl-en -boog en sy knuppel-hamer op 'n dodelike wyse in gevegte te gebruik. Hy was een van die top-drie van die 30 sterk manne van Dawid (van Psalm 23) se lyfwag en leër. Op 'n keer het Eleaser in 'n Garsland van Israel stelling ingeneem en 'n volle dag lank in daardie geveg teen die Filistyne staande gebly. Honderde Filistynse soldate se lyke het teen die aand in daardie Garsland rondom Eleaser dood gelê. Israel het die oorwinning behaal, want die Here het die Filistyne in hulle hand oorgegee. Soms moet ons ook stelling kan inneem vir die geveg.

Elkeen van ons wat hier bly het 'n stukkie van die Oog Aftree Landgoed gekoop. Maar die grootste deel hiervan, seker amper driekwart hiervan, is die gemeenskaplike eiendom waaraan ons almal saam, ook 'n gesamentlike eienaarskap het om uit te oefen. Ons moet dus gesamentlik verseker dat die plek behoorlik instandgehou word, en dat al die dinge wat met ons goeie samesyn hier te doen het, ordelik en tot almal se gemeenskaplike voordeel verloop. Oor sekere gemeenskaplike goed moet ons dus kan saamwerk. Daarvoor is almal se positiewe betrokkenheid nodig. Weer moet ons, soos Eleaser dit gedoen het, stelling inneem om dit te kan verseker.

Ons lag of huil omtrent oor dieselfde goed, ons is bekommerd oor omtrent dieselfde goed, ons trou gewoonlik in 'n Kerk van dieselfde Here, of word ook uit so 'n Kerk begrawe. Kortom (ek dink) - ons deel omtrent dieselfde lewenswaardes. Dit bevorder daarom ook die harmonie tussen mekaar. Goeie gemeenskaplike waardes bevorder goeie beskaafde gedrag van almal teenoor mekaar. Ek dink ons moet kan stelling inneem hieroor. Dit is nie net 'n baie basiese manier om jou eie optredes aan te toets nie, maar dit wys ook vir ander mense waarvoor jy staan. As mens dink dat ons gemeenskap hier by Die Oog nog gaan verdubbel in die volgende paar jaar, is dit nodig dat ons vir onsself en ook vir alle voornemende huiskopers by Die Oog moet kan wys watter lewenswaardes vir ons belangrik is waarby hulle sal kan inskakel **of nie.**

Kyk asb na die volgende voorstel wat met die diensaanvangs van die huidige Trustees reeds by ons heel eerste vergadering om ons Voorsitter te kies al op die tafel geplaas was. Die tyd het dalk aangebreek dat ons hieroor kan praat en 'n besluit daaromtrent kan neem. Niemand van ons is regtig perfekte engeltjies nie, maar ons bly op die ou end steeds net doodgewone, feilbare mense wat in Sy Genade reg probeer lewe.

Voorgestelde Waardesisteem van Die Oog:

1. Ek streef elke dag na 'n *eerlike* en *skoon* leefwyse by die Oog. Hierdie strewe raak ook elke *besluit* wat ek neem. (Ek kan my besluite agterna ook daaraan toets).
2. Daar is ses hoeksteenwaardes wat my help om my strewe te rig, naamlik om: (a) *om te gee* vir ander, (b) *verantwoordelikheid* te neem vir myself en vir wat ek doen, (c) *regverdigheid* te bewys teenoor almal, (d) *respek* te betoon teenoor enige iemand anders, en iemand anders se goed, en (e) elke dag met *betroubaarheid* op te tree. Ek sal ook probeer om (f) elke dag in *waarheid* te leef, sodat ek daardeur volle betekenis aan al die waardes hierbo kan gee. (*Hierdie waardes kom uit die Skrif.)*
3. Wanneer ek praat, sal ek probeer om *opbouend* te wees teenoor ander mense, en ek sal probeer om niemand en niks sommer af te breek nie.
4. Ek sal probeer om sover ek kan, met wat ek kan doen, *positief* by te dra tot die algemene verbetering van ons gemeenskaplike *Tuiste in die Natuur*.
5. Ek sal ook die Oog Aftree Landgoed se *beeld positief uitdra en dit nie moedswillig benadeel nie*. Ek verbind my dus vrywilliglik tot die uitleef van hierdie waardes want dit kan alles net meewerk tot elkeen van ons se verblyfstevredenheid, tot ons aangename gemeenskaplike samesyn hier, en dit alles sal ook tot voordeel wees vir elkeen van ons wat by die Oog kom aftree en belê het. Mag dit so wees !

Die omkeer van die bostaande waardes:

Dit is nogal interessant om elke waarde wat hierbo neergeskryf is "om te draai" en vir 'n oomblik na die "negatiewe gedagte" wat te voorskyn kom, te kyk. Dit lyk vir my dan nogal skrikwekkend as jy die hele lysie deurwerk en na elke "negatief" kyk. Ek dink nie daar is iemand onder ons Inwoners wat nie hiermee sal saamstem nie. Ek glo die lysie van die " negatiewe" sal sekerlik ons natuurlike vyande by Die Oog kan bly.

Die Slotsom:

Die slotsom waarby ek dan wil uitkom, is om die VOORGESTELDE WAARDES BY DIE OOG (hierbo) as 'n minimumstandaard van optrede vir elke dag te beskou en dat almal van ons dit so (of soos ons dit gaan wysig) mettertyd as 'n tipe credo by Die Oog sal aanvaar. Mag dit werklik so wees ! Groete, Trustee Kriek de Beer

Aan die Woord (vervolg)
Waarnemings gedurende die Jaar

Ek het deur die loop van die jaar sekere waarnemings gemaak en dit is vir my nodig om sommige hiervan met die inwoners te deel.

Verre sy dit van my om enige aansprake te maak of om voor te gee dat wat ek hier skryf, die begin en einde van alle waarnemings is. Veel eerder sou dit gedagtes wees wat ek dink nodig is om met my mede-inwoners te deel.

Die eerste saak wat ek wil ophaal, is die feit dat ons as Trustees ‘n baie moeilike en tog ook bevredigende jaar beleef het. Dat daar verskille was, is so. Deur van mekaar te verskil kon ons die beste oplossing vir ‘n bepaalde probleem vind. Dat daar nog talle uitstaande sake is, is ‘n gegewe. Een saak wat beslis uitstaande is, is die begroting en dit wat daarmee saamgaan. Wat almal in gedagte moet hou, is dat ons heffing hier van die laagstes in die land is. Hierdie oord beslaan ‘n groot oppervlakte. Dit staan gelyk aan ‘n redelike groot dorp. In so ‘n dorp sal daar noodwendig aandag aan sake soos byvoorbeeld: *verbeterings van die strate*, *opknapping van die rioolnetwerk*, *vestiging van ‘n waternetwerk,* wat ook die voorsiening van *brandbekampingstelsel,* sal omvat.

Sou ‘n brand hier uitbreek of deur ‘n vuur van buite veroorsaak word, sal ons paraat moet wees. Elkeen sal sy/haar deel moet kan doen. Dit sal net mooi niks help om te sê dat daar werkers is wat dit moet doen nie. Die oppervlakte van Fase 1 strek oor ‘n groot gebied en dit sal nodig wees dat daar vele hande sal moet wees om te help.

Die Algemene Jaarvergadering is om die draai. Ons wag net op die finale afhandeling van die ouditstate. Elkeen sal sy kant daar moet bring. Ons sal nie kan terugsit en dan begin kla as dinge nie na wense vaar nie. Onthou dat elke eienaar aanspreeklik is om seker te maak dat die Trustees wat verkies word, die taak sal kan uitvoer. Die nodige fondse om hierdie te kan lewer moet van elke eienaar verhaal word deur die Heffings wat betaal moet word. Sou iemand nalaat om sy deel te doen, gaan dit ‘n las op die skouers van die ander eienaars plaas. Die huidige Trustees moes reeds ‘n paar besluite wat redelik onpopulêr was, neem. Daar sal in die toekoms sekerlik ‘n afplatting van die heffinggelde wees. Tot dan sal dit nodig wees om voorsiening te maak dat die nodige fondse ge-ïn word om al die dienste te kan lewer.

Ons sien uit na ‘n suksesvolle afsluiting van die jaar en ‘n blink toekoms hier by die Oog Aftree Landgoed.

Tans span ons uit by vriende in die Suidkaap. Ons beoog om 9 Oktober 2013 weer tuis te wees. Tot dan groet ons met ‘n seënwense aan elkeen by die Oog.

Van my en my vrou met beste wense aan een en elkeen.

Bastiaan Richards

Belangegroep Bedrywigheid
Besige Bye

Dit was kompetisietyd by die Besige Bye.



Wikus Germishuys en Leonard Theron het die uitdaging wat Dick Duncan gestel het met groot entosiasme en ywer aanvaar. Hulle moes ‘n ingewikkelde mosaïekpatroon maak vir ‘n glasstaander. Dick en Elsabe was die beoordelaars en die uiteinde was twee eerste plekke! Dick, baie dankie vir die pryse! Hierdie kompetisie het twee ware kunstenaars in wording tot gevolg.

‘n Gedagte vir die maand wat voorlê: Party mense voel net nou en dan dankbaar en gewoonlik net wanneer voorspoed oor hulle pad kom. Wees dankbaar vir die talente wat jy ontvang het. Almal van ons wen nie goue medaljes by die Olimpiese Spele nie, en almal is nie suksesvolle sepiesterre nie, maar elkeen van ons het ‘n talent ontvang. As jy joune nie ontdek het nie, is dit nou tyd om uit te vind wat dit is. Trek pen en papier nader en skryf neer wat jy geniet om te doen en dalk nie eers as jou talente beskou nie. Span ook hierdie talente tot voordeel van ander in, maar ook ten voordeel van jouself om eensaamheid, verveeldheid of ’n passiewe “oud word” die nek in te slaan.

Kom kyk wat doen ons Besige Bye elke Donderdagoggend tussen 10:00 en 12:00. Ons benodig oorskiet wol, materiaal en knope van alle groottes en kleure. Ons sal ook finansiële bydraes verwelkom, wat ons die geleentheid gun om ons benodigdhede self aan te koop. Ons het onlangs ‘n wonderlike skening van Eienaar Elsie Maré (186) ontvang wat ons in staat stel om ons toerusting en benodigthede se aankope ‘n goeie hupstoot te gee—Dankie Elsie!!!!

Kontak asb Marita Enslin met enige navrae op 073 189 1099, of kom loer self; wie weet, jy mag dalk die volgende nuweling in ons groep wees!

Padreëls -
Weer ‘n dringende versoek !

Ons het in Juniemaand se Knipoog al ons inwoners verwittig van die feit dat ons padtekens oor die landgoed opgerig het, so gedoen met ‘n rede.

Dit is vir ons ‘n bekommernis om te sien dat inwoners nie ag slaan op die tekens nie, veral nie die sirkel of die spoedgrens nie. Ons verwag dat ons Inwoners ‘n voorbeeld vir die vakansiegangers moet stel, maar ongelukkig is dit nie die geval nie. Ons het ‘n redelike ernstige klagte van ‘n vakansieganger ontvang wat kla oor die feit dat ons inwoners nie die voetgangers en kampeerders se veiligheid in ag neem nie. Die persoon het so ver gegaan om te meld dat die bestuurder van die voertuig haar vriend se arm raakgekap het met die voertuig se kantspieëltjie.

Hierdie is nie die tipe klagtes wat ons teen ons inwoners wil ontvang nie. Reëls word ingebring vir ‘n rede, en ons verwag dat almal saamwerk om ons Landgoed te paaie te beveilig.

KONSTITUSIE VAN DIE TUISNYWERHEID
DIE OOGAPPEL

Doel: Die Oogappel is gestig om gespesialiseerde produkte aan die inwoners van Die Oog te lewer wat nie deur die Kafee/wegneemetes van die Ontwikkelaar gelewer word nie.

Lede: Enige permanente inwoner/eienaar van Die Oog kan by Die Oogappel aansluit.

Bestuur: Bestuur bestaan uit ‘n Voorsitter, Tesourier en enige aantal addisionele lede soos verlang van tyd tot tyd. Bestuur word op ‘n Oogappel-AJV vir die Tuisnywerheid verkies, deur die ingeskrewe lede.

Lede doen aansoek om produk(te) te lewer by die Oogappel, deur op ‘n voorgeskrewe vorm aan te dui wat gelewer gaan word. Die Bestuur keur lede op grond van uniekheid van produkte. Dit wil sê ‘n voornemende lid kan nie aansluit en produkte lewer wat reeds deur ‘n bestaande lid gelewer word nie. Dit voorkom oor-vleueling en onnodige onderlinge wedywering.

Produkte lewering: By die aflewering van ’n lid se goedgekeurde produk word ‘n plakker geplak wat bevat: Die lid se nommer, ‘n pryskode, vervaldatum van bederfbare produkte.

Kommissie: Van alle verkope word ‘n 5% kommissie verhaal. Dit word in ‘n fonds gestort wat aangewend kan word soos deur Bestuur goedgekeur. Hierdie kommissierekening is by die huidige Bestuursagent.

TOEGANGSBEHEERKAARTE

Daar is deur die Trustees besluit dat daar ‘n fooi op nuwe en vervangende toegangsbeheerkaarte gehef gaan word, effektief die 1ste Oktober 2013.

Nuwe kaarte sal teen ‘n koste van R50 per kaart uitgereik word, en vervanging van verlore kaarte teen R100 per kaart. Die koste kan met u bankkaart in die administratiewe kantoor betaal word.

Dankie vir u samewerking!

Wildskamphek

Indien u in die wildskamp wil gaan stap of fietsry, koop gerus ‘n Centurion Systems Nova afstandbeheer by BG Elektries in 3de Straat, Naboomspruit.

Die programmering van die afstandbeheer word deur Jackie gedoen.

Kommunikasie-Frustrasie

Namens vele inwoners doen ons hiermee ‘n ernstige versoek op diegene wat gevleulde woorde in die eetsaal wil spreek gedurende etenstyd. Die versoek is as volg:

Die Inwoners gebruik die tyd in die eetsaal om met vriende of kennise sosiaal te verkeer, of om die atmosfeer in die eetsaal te geniet, omrede dit emosioneel gesonder is as die vier mure waartussen baie lewe. Die doel met die eetsaal is om ons inwoners uit die eensaamheid, of hardwerk, van hulle huise te neem en interaksie met vriende en personeel mee te maak.

Ons Trustees of Personeel doen afkondigings oor relevante en interessante onderwerpe soos sosiale gebeurtenisse waarna die inwoners kan uitsien, en is van baie korte duur— dis slegs vir inligtingsdoeleindes.

Ons verskeie goedgekeurde klubs of inwoner organisasies doen dieselfde van tyd tot tyd, maar vra eers toestemming van die Bestuur en/of Trustees voordat dit gebeur.

Ons versoek dus hiermee dat geen inwoner enige publieke aankondigings in die eetsaal maak sonder dat die versoek vooraf deur Trustees of Bestuur gekanaliseer word nie.

Dankie vir u samewerking

Jukskeidag in Naboomspruit

Op Saterdag die 14de September het Naboom 'n Jukskeitoernooi aangebied vir die spanne van die omgewing. Die belangstelling was oorweldigend.

Altesaam 18 spanne het deelgeneem, onder meer van Potgietersrus, Nylstroom, Naboomspruit, Warmbad en Die Oog. Die Oog het 2 spanne ingeskryf, wat hulle baie goed van hulle taak gekwyt het.

Beide spanne het vierde in hulle onderskeie afdelings geëindig en almal kan opreg trots wees op die 9 spelers wat hulle weg oopgesien het om Die Oog te verteenwoordig.

Die spelers was:

Frieda Marx, Tannie Annie de Beer, Marie Myburgh, Flip Boshoff, Koos en Sonja de Meyer, Japie Helberg, Isak van Wyk, Willie Marx en Boet Vermaak.

Klub Vlytige Voete

PROGRAM vir OKTOBER

2 Oktober - Damesuur om 10:30 in die Olienhoutsaal

6 Oktober - Kruiskerk. Vervoer beskikbaar vanaf Rugbyveld om 07:30
Interkerkdiens in Olienhoutsaal om 11:00

7 Oktober - Manne-uur in die Teetuin om 09:00

10 Oktober - KVV-VERGADERING om 14:00 in SAAL

13, 20, 27 Oktober - Interkerkdiens om 11:00

29 Oktober - Len Viljoen (Blinde gospelsanger wat geld insamel vir 'n skootrekenaar vir 'n doof-blinde persoon) tree om 11:00 in Olienhoutsaal op. Donasies word verwelkom.

Wateroefeninge het begin en is elke Maandag en Donderdag om 15:00.

Klub **V**lytige **V**oete Groete !

Die Oog Aftreelandgoed
GHOLFDAG

Die Oog Gholfdag word beplan vir Saterdag 23 November 2013, en die gedagte is om 'n jaarlikse gebeurtenis daarvan te maak. Ons eerste gholfdag word by die Naboomspruit Gholfbaan gehou, en afslaantyd is vanaf 07:00.

Fondse word ingesamel ten bate van die toerusting van die Gesondheidsentrum se Noodkamer en aankoop van 'n defibrillator en 'n mobiele suurstofmasjien met silinder ter waarde van ±R50 000.

Die formaat is 4 BBB Stableford, met 'n inskrywingsfooi van R200 per speler, borg van 'n putjie R500 en donasies is ook welkom.

Graag versoek ons alle inwoners om betrokke te wees met enige aspek. Indien u behulpsaam kan wees met die dag se verrigtinge, gee asseblief u name vir Marié Richards (083 450 3832) of Elzabi Fouchee (076 245 5065).

Elke inwonende gholfspeler word versoek om 'n vierbal saam te stel deur drie buitespelers te werf om saam met hom te speel, dan het ons reeds 80 spelers.

Organiseerders:

Eenheid	Naam	Selfoon
194	Jan Ebersohn	082 436 8875
F 54	Dawie Spohr	082 902 8428
F 72	Johan Oosthuizen	082 788 2135
368	Hentie Swart	082 927 4775
194	Susie Ebersohn	072 105 2807

Kom ons maak 'n sukses van die dag!

PLANTPLESIER
HULLE HET FAMILIES EN NAME

Net soos mense en diere, is plante ook lewende organismes, uiters interessante organismes, waaroor ons by `n volgende geleentheid sal gesels.

Ook soos mense, behoort elke plant aan`n familie met `n familienaam, `n 'van' en `n 'voornaam'. Dit is nou soos die wetenskaplikes hulle orden volgens vasgestelde prosedures en eienskappe. Om die Naboom, waarna ons dorp vernoem was, te neem as voorbeeld, dit behoort aan die familie EUPHORBIACEAE. Die groep, of 'genus' binne die familie waaraan die naboom behoort heet Euphorbia (die van). Binne elke genus is daar dan weer `n groep plantspesies, elk met `n spesifieke naam. In die geval van die Naboom is dit 'ingens' wat 'baie groot' beteken. Die genus- en spesifieke naam word kursief gedruk en die naboom se botaniese naam is dus *Euphorbia ingens.*

Om dit makliker te maak vir ons gewone sterflinge kry die meeste spesies dan mettertyd noemname (volksname), soos die bevolking na hulle verwys. In die geval van *Euphorbia ingens* is dit 'Naboom' of 'Gewone naboom'. Daar is ook nog meer as 20 ander naboomsoorte, waar die streek van voorkoms gewoonlik by die volksnaam gevoeg word, soos die Lebombo-naboom. Verder het elke bevolkingsgroep ook nog hulle eie volksname vir die plante in hul omgewing. Die Engelse naam vir die naboom is 'Candelabra tree' en die Noord-sotho 'Mohlohlokgomo' of 'Mokgoto', waarvan die nuwe dorpnaam 'Mookgophong' glo op `n manier afgelei is.

Nou wil ons graag soveel moontlik van ons boombure hier by Die Oog bekend stel en by die naam leer ken. Die mees effektiewe manier om dit te doen is deur naam-etikette aan `n verteenwoordigende aantal van elke spesie aan te bring. Dit is nou die groen plaatjies wat teen die bome se stamme vasgesit word. Rudolph en Gertie Oosthuizen het die inisiatief geneem om die eerste twintig etikette te borg en voorsien, soos oplettende Ogers waarskynlik al opgemerk het. Dit het reeds enkele ander inwoners gemotiveer om ook bydraes aan te bied.

Wie stel belang om die vriendelike, skaduryke, voëllokkende bome naby jul eenhede te vereer met `n naamplaatjie of twee? Gee asseblief julle name en eenheid nommers in by Leonie. Ons sal dan die betrokke bome kom identifiseer en die etikette bestel. Ons kan ook poog om borge te vind vir bome in die gemeenskaplike areas. Afhangende van die hoeveelheid kan ons dan `n prys probeer beding met die leweransiers.

Intussen, let op hoe die Skepper die bome laat bot en blom in die lente tot jubelende vreugde van die voëls, bye en skoenlappers.

Naamryke groetnis
Groenie

DIERE MANIERE
Dam Dinge

Dit gons deesdae behoorlik by die Wynassiedam ! Ons diere wat daar woon, het maniere van hulle eie.

Die dominante mannetjie swaan en sy maatjie het besluit om ‘n aanbod te maak op ‘n dammetjie op ‘n plaas in Pietersburg, en die aanbod is aanvaar. Hulle het reeds getrek, maar stuur liefde en beste wense vir almal.



Die Wynassie créche raak by die dag voller! Die nuwelinge sluit 2 swaanbabas en 2 waterhoendertjies in. Daar is reeds gewaarsku dat 10 eendjies op pad is. Pappa vink het ook laat val dat hy besig is om huis te bou, en dat die créhe moet plek oophou vir sy vinkkroos.

Die Njala’s was nou die aand so geïnteresseerd in Rafael Nadal se tennisspel op tv, dat hulle vasgenael voor 215 se skuifdeur gestaan en kyk het. Hulle het mekaar skoon rond- en weggestamp om die beste staanplek te kry. Hulle het belangstelling verloor toe Superrugby begin.

Wat die eende aangaan, het hulle ontdek dat daar ‘n “inry” of “drive-through” is wat hulle daagliks kan ondersteun. Met ‘n getik van ‘n snawel aan die deur word die kelner binne bewus gemaak van hulle teenwoordigheid, en hul kos word bedien soos by ‘n wafferse kitskos restaurant.

‘n Rietrot het sy opwagting gemaak, en is gesien waar hy op ‘n stomp die dam oorsteek. Die vraag is nou: begin hy ‘n pontdiens of is hy ‘n aspirant branderplankryer? Likkewaan en waterskilpad het besluit om die lente te begroet en begin reeds aan hul somersonbrand werk.

Die dam bied nie net ‘n veilige skuiling en stabiele huisvesting vir ons diere nie, maar bied vir die mens gratis sielsterapie vir ‘n onderstebo gemoed.

Gaan sit gerus met sonsondergang daar en waardeer wat in ons agterplaas en onder ons neuse gebeur.

Boekwurm Bydrae

Die biblioteek se databasis is uiteindelik voltooi. Sodra dit gedruk is, kan u dit gebruik, soos wat u ‘n katalogus sou gebruik. Op die oomblik is ons voorraad soos volg:

Afrikaans fiksie: 2119	Engels fiksie: 1689
Nie-fiksie: 1964	Afrikaans Junior fiksie: 68
Engels Junior fiksie: 32	Junior nie-fiksie: 21
Grootdruk: 23	Kleuter: 24
Nederlands: 28	Legkaarte: 38
DVD: 17	Videos: 11

Dis ‘n totaal van **6034** items.

Dankie aan elkeen wat iets geskenk het - dit beteken nie u moet nou ophou skenk nie, die databasis sal voortdurend bygewerk word. Kom maak gerus ‘n draai, daar behoort iets te wees wat in u smaak val!

Boek van die maand

Onvertelde stories in Afrikaans deur Ilse Salzwedel: Maak kennis met die swart Afrikaners van Onverwacht, die Rieldansers, die Boesmans, die Joodse weeskinders wat na die Tweede Wêreldoorlog deur Suid-Afrikaners aangeneem is, die Georgiese prins wat aan die boere se kant geveg het in die Anglo-Boere-oorlog, die Italiaanse syboere van die Knysna bos, en vele meer. Uiters interessant!

Lekker Lees!

BELANGRIK

Alle medikasie wat by die Mediese Dienssentrum gekoop of toegedien word, moet dadelik in kontant betaal word. Groter bedrae kan per kaart in die adminkantoor betaal word.

Aftreelandgoed (algemene NOOD bystand) 078 803 1479

Mediese Noodnommer 079 217 5323

Sekuriteit 083 260 1524/014 743 4611

Ontvangs — Kantoor 014 743 4600 (Verwitting ontvangs van besoekers by hierdie nommer)

Fanie werk vir Western Breeze en mag nie direk gekontak word nie! Enige werk wat deur WB uitgevoer word sal vir u rekening wees .

Humorhoekie

Die Huwelik

(Hierdie is 'n wenk vir 'n sukses verhaal!!)
Ek hou nog steeds daarvan om die liefde van my lewe te bederf!
As sy laat werk die aand, dan bel sy my en sê sy is op pad. Dan tap ek solank lekker warm water met skuim in, sodat as sy instap, sy dadelik die skottelgoed kan begin was!

At a world brewing convention in the States, the CEOs of various brewing organizations retire to the bar at the end of the day.

Bruce, CEO of Fosters, shouts to the barman: "In Australia , we make the best bloody beer in the world, so pour me a Fosters, mate."

Bob, CEO of Budweiser, calls out next: "In the States, we brew the king of them all - gimme a Bud."

Hans steps up next: "In Germany ve invented beer. Give me un Helles, ze REAL King of beers."

Jan, chief executive of Grolsch, follows by stating that Grolsch is the ultimate beer and asks for one with two fingers of foam on top.

Norman, chairman of SAB, is next: "Barman, give me a diet Coke with ice and lemon please."
The other four stare at him in stunned silence, then Bruce asks: "Aren't you going to have a Castle, Norm?"
Norman replies "Well, if you guys aren't drinking beer, then neither am I."

Belangrike kennisgewing deur Western Breeze: Aangepaste Besigheidsure

Let asseblief dat die Kafee, Kroeg, Borrelbad, Putt-Putt en Ontvangstye vanaf 1 Oktober 2013 aangepas gaan word deur Western Breeze.

Pryse vir glybaan wat in die insetsel gemeld word, is relevant tot vakansiegangers. Inwoner bandjies uitgesluit.

Versoek

Ons versoek dat die gholfkarparkeerruimte buite die eetsaal, wat dienooreenkomstig gemerk is, asseblief vir die inwoner gholfkarretjie gereserveer word.

Daar is wel plek vir twee, hou asb vir ons een ☺

Dankie vir die samewerking.

DOGGY PARLOUR AND BOARDING KENNELS

We bath, dip, cut hair and clip toe nails.

We also look after you best friend when you are away on holiday.

Also suppliers of
Life style dog food.

PAWS & CLAWS

Natasha 082778 5917